**Sondag, 25 Augustus 2024**
**Bybelsondag**

## Barmhartig soos jou Vader

*"Hoe kan Ek jou prysgee, Efraim?*
*Hoe kan Ek jou oorlewer, Israel?*
*My hart is diep ontroer in My, die deernis brand in My.*
*Ek sal nie in my brandende toorn optree nie ... want Ek is God,*
*nie 'n mens nie – die Heilige in jou midde ..."*
(Hosea 11:8-9)

Israel, wat van die begin af met teerheid en liefde deur God grootgemaak is, het vir God die rug toegekeer en agter Baäl aangeloop. Keer op keer het God hulle probeer terugbring, maar hulle wou nie luister nie. Ons hoor die pyn in God se hart as Hy sy aanklag teen Israel lê. Vers 2: *"Toe die Baäls roep, het Israel My verlaat ..."* Vers 3: *"Hulle wou nie erken dat dit Ek is wat vir hulle sorg nie ..."* Vers 5: *"Maar Efraim het geweier om hom te bekeer."*

Israel se straf was onafwendbaar. Assirië se wrede ystervuis sal hulle verpletter, sê die Here. Dit het inderdaad so gebeur. In die jaar 722 vC het Samaria in die hande van Assirië geval, en het die noordelike koninkryk ophou bestaan. Die mense wat die inval oorleef het, is weggevoer en het as ballinge in die verstrooiing gaan leef, opgesluk deur die Assiriese ryk.

'n Mens sou dink dis die einde van Israel. Enige een van ons sou al lankal opgegee het hulle. Maar nie die Here nie (vers 8-9): *"Hoe kan Ek jou prysgee, Efraim?"* Israel is nie verby nie! Ongelooflik dat God, ten spyte van alles, steeds sy volk liefhet en nie wil los nie. Dít is die evangelie in Hosea. Só is God. Sy liefde brand te sterk (NAV), en daarom is daar by Hom ontferming, nie woede nie; genade, nie oordeel nie. Daarom staan daar 'n kruis op Golgota, waar die brandende toorn van God oor die sonde by ons verbygegaan het en sy Seun getref het. Só lief het God die wêreld gehad, sê Johannes 3:16.

Ons moet kans gee dat hierdie prent van God diep in ons harte inbrand, want dis óns werklikheid ook. En dis hoe ons óók moet wees in hierdie onstuimige land: Nie veroordelend en vergeldend nie, maar barmhartig, vol deernis en genade…

**Ds. Jaco Thom**

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend gelei deur ds. Jaco Thom en ons orrelis, dr. Johan Cromhout in die kerk; die gesinsdiens in die saal deur ds. Janke Hurter.
Welkom ook aan alle besoekers en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel.
Ons nooi almal uit om ná die erediens 'n koppie koffie of tee in die binnehof by die Koragiete se Koffiehuis te kom geniet, met iets te ete en nog 'n bietjie te kuier...

## LITURGIE

| | |
|---|---|
| **Toewyding:** | Lied 255:1, 2 & 3 "Woord van God, Woord van die lewe" |
| **Votum & Seëngroet** | |
| **Lof:** | Lied 220:1, 2 & 3 "Met ons harte singe ons, Here" |
| **Geloofsbelydenis:** | Apostolicum |
| **Belydenislied:** | Psalm 89:1, 5 "Vir ewig staan u trou" |
| **Gebed:** | |
| **Skriflesing:** | Hosea 11 |
| **Woordverkondiging** | |
| **Stilgebed** | |
| **Gebedslied:** | Lied 504:5 "Ons wil U wy ons hele lewe" |
| **Offergawes** | |
| **Die Wet van die Here** | |
| **Slot:** | Lied 487:1,3 & 4 "Wagter, wakend op die mure" |
| **Seënbede** | |

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 25 Aug | 15:00 – Teol. Std. Steve Popane (Sothodiens)<br>17:00 – Jeugbyeenkoms: Bybelvasvra! (vanaf 17:00 tot 18:30) |
| Sondag, 1 Sept | 09:30 – Dr. Stephan v/d Watt (Missie Japan); gesinsdiens ds. Rudolph Grobler (gesprek met ouers oor sosiale media)<br>18:00 – Ds Jan Lubbe (Taizé). |
| Donderdag, 5 Sept | 11:00 – Ds. Johan Marais (Siësta-Biduur) |
| Sondag, 8 Sept | 09:30 – Ds. Johan Marais; gesinsdiens ds. Janke Hurter<br>15:00 – Teol. Std. Steve Poapne (Sothodiens)<br>18:00 – Me. Jani van Biljon (Preek van die Leek) |

**MEELEWING EN VOORBIDDING**

Ons wil op hierdie laaste Sondag eerstens dankie sê en bid vir die werk van die SA Bybelgenootskap; dit is in hierdie maand dat ons dankbaar die vertaling van die Bybel in ons moedertaal Afrikaans gedenk, maar ook bydra tot die verdere vertalingswerk en die verspreiding van die Bybel in ons eie land, en verder in Afrika en wêreldwyd.

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

25 Aug Annelie Bezuidenhout, Dippie Dippenaar en Luan Smith.
27 Aug Jorrie Jordaan, Sunita Keyser en Wollie Strydom.
28 Aug Danie Niebuhr en Michelle van Zyl.
29 Aug Trudie Roode en Rolien Wentzel.
30 Aug Nina Bloem en Austin van den Nieuwenhof.
31 Aug Jandré Syfert en Jan Vorster.

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Tannie Anna v/d Westhuizen (Serenitas 133, wyk 15b); Elmien Thom (Barend Wessels 48, Langenhoven-park); Marichen Pietersen (Serenitas 67, wyk 15b); Jorrie Jordaan (Rietpunt 6, wyk 19a); Nico Wilson (Albrechtstr. 122, wyk 7a); Tannie Barbara Henzen (Serenitas 12, wyk 15a); Oom Hendrik Smith (Striata 35, wyk 13a); Tannie Erna Gouws (Serenicare, wyk 15a); Amanda Windt (Genl. Cronjéstr. 9, wyk 9a) en Tannie Corrie Barnard (Siësta, Wyk 10).

Ons meelewing ook aan Sk van Heerden en gesin (Wild Olive 17, wyk 18b), met die heengaan van sy vader die afgelope week by die Hospice. Ons bid hul troos toe...

**BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES**
Sondagoggende (08:30) bid 'n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.
Woensdagaand-Bybelstudiegroep (19:00) in die Konsistorie: "*'n Dankbare lewe"* (uit die Heidelbergse Kategismus; oor die 8e woord vir 'n gelukkige lewe – Respek vir lewens-ruimte). Kontak ds. Jan Lubbe (082 784 9362) indien jy wil inskakel.
Woensdagaand 'Lighthouse'-Bybelstudiegroep vir jongmense 19 tot 30: Om in te skakel en vir meer besonderhede, kontak ds. Janke Hurter (078 894 9166).
Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) in Konsistorie: *"In Jesus se voetspore"* (uit die Evangelies). Kontak ds. Johan Marais (084 517 8052) om in te skakel.

**KERKRAADSAKE**

Vir Pastorale Sorg:
As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe...
Kontak gerus ds. Johan Marais (084-517-8052) wat ons pastorale werk koördineer of maak 'n afspraak met een van ons leraars.

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**
In Augustus sorg **Wyke 14** (Westdene) en **18** (Verre Noorde) vir ons gasvryheid Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope Shelter. Indien jy wil help, skakel die Kerkkantoor (073 180 3193).

**Vakature:** Aansoeke word ingewag vir die pos van **skriba** by Berg-en-Dal, wat benewens ontvangs en navrae van lidmate en besoekers, kantooradministrasie en die dokumentasie (agendas en notules) van bedieningsvergaderinge en die kerkraad, ook ons beplande CLF-Boekwinkel en persoonlike assistensie vir ds. Jan Lubbe as voorsitter van die Vrystaatse- en Algemene Sinode Moderamen sal moet behartig. Navrae: Oudl. Martie Bloem (083-662-3436). Sluitingsdatum vir 'n aansoek met CV en motiveringsbrief: Maandag, 26 Augustus.

## BEDIENINGE

**GEMEENTEBEDIENING**
**Bybelsondag, 25 Augustus 2024:** Soos elke jaar, vier ons weer die Bybel in Afrikaans, en vanmiddag om 17:00 vind ons Bybelvasvra vir die Jongspan plaas. Ons nooi almal na die opening in die kerk, dan die onderskeie afdelings en die eindrondte is weer om 18:00 in die kerk – ouers welkom om te kom kyk en aanmoedig! Bring ook jul botteltjies of boksies met R 55 om 1 Bybel te "borg" (SA Bybelgenootskap)...

**JEUGBEDIENING: Gesinsnaweek met ds. Rudolph en Sanet Grobler:**
Sien ons digitale uitnodigings in wyke & whatsappgroepe na Vrydagaand (30/8) se ete met 'n huweliksgesprek vir egpare; Saterdagoggend 'n Ma-en-dogter tee om 10:30 en Sondag-oggend se gesinsdiens en gesprek oor kinders en sosiale media) – bespreek voor 27/8 by die kerkkantoor of Rikus van Pletzen 083 462 0122.

**GETUIENISBEDIENING**
**Gemeentemark 30/8/2024:** Skenkings van bruikbare klerasie & kombuisware is welkom!

## BERG-EN-DAL KERMIS 2024 – VRYDAG, 13 SEPTEMBER




Ons is minder as drie weke weg van Boereplaas! Ons kort nog die volgende hulp/items/bestandele: Potjiekos en Lekkergoed – 'n Koördineerder en helpers. Baksters om te help met bak van grootkoeke – daar is nie voorkeure nie. Skenkings – poedings, pannekoek, Kerrie en Rys, Potjiekos en lekkergoed.
Helpers – ons kort nog baie helpers.
Vanjaar poog ons ook om so bietjie minder kontant op die perseël te hanteer tydens die Kermis. Daarom sal daar kaart-betaalpunte by die braaivleis (die Kraal), Koffiekamer en Kelder wees, asook een in die kerkkantoor sou u vir ander items wil betaal. Ons reël ook vir 'Snapscan' as betalingswyse, en natuurlik, kontant kan ook steeds gebruik word.
In vandag se Fokus is die bydraelys met alle besonderhede;
asook die voorafbestelling vir middagete's.

## EREDIENSKOLLEKTE: 'n LIEFDESGAWE

Die eredienskollekte op 'n Sondagoggend en -aand, is 'n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee 'n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, 25 Augustus: **Bybelgenootskap SA.**
U kan 'n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per snapscan (hiernaas) na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632 005)**.

SnapScan